



# PRO VERITATE

**DIE AFRIKAANSE KERKE EN DIE  
KOMENDE VERKIESING**

Beyers Naude

**SAL EK OFFER WAT JY VRA?**

Ben Engelbrecht

**MOEDSWILLIGE MISVERSTAND**

Bruckner de Villiers

**FOOLS OR ANGELS?**

Dania van Zyl

**DEVELOPMENT IN DEVELOPMENT**

Mark Collier

**DISCARDED PEOPLE**

Nadine Gordimer and Dave Adler

Registered at the Post Office as a Newspaper  
By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer

# PRO VERITATE

## REDAKSIE

REDAKTEUR (WAARN.):  
Dr. W. B. de Villiers.

REDAKSIONELE KOMITEE:  
Biskop B. B. Burnett; Eerw. J. de  
Gruchy; Eerw. A. W. Habelgaarn;  
Eerw. E. E. Mahabane; Mnr. J. E.  
Moulder; Ds. C. F. B. Naudé  
(Voorsitter); Prof. dr. A. van  
Selms.

## ADMINISTRASIE/ KORRESPONDENSIE

SIRKULASIEBESTUURDER:  
Dr. W. B. de Villiers.

Alle briewe vir die redaksie en  
administrasie aan: Posbus 31135,  
Braamfontein, Johannesburg.

## INTEKENGELD

Intekengeld is vooruitbetaalbaar.

Land-en seepos: R1 (10/- of \$1.40)  
— Afrika; R1-50 (15/- of \$2.10)  
— Oossee; 17/6 — Engeland.

Lugpos: R2-00 (£1 of \$2.80) —  
Afrika; R3-50 (£1/17/6 of \$5.00)  
— Oossee; £2 — Engeland.

Tjeks en postorders moet uitgemaak  
word aan Pro Veritate (Edms.) Bpk.,  
Posbus 31135, Braamfontein, Johan-  
nesburg.

## LET WEL

Die redaksie van Pro Veritate ver-  
klaar dat hy nie verantwoordelik is vir  
menings en standpunte wat in enige  
ander artikel van hierdie blad ver-  
skyn as die inleidingsartikel en redak-  
sionele verklarings nie.

PRO VERITATE verskyn elke 15de  
van die maand.

(Prys per enkel-eksemplaar 10c)

Gedruk deur Prompt Drukkers  
(Edms.) Bpk., Harrisstraat 11,  
Westgate, Johannesburg.

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA  
CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

## IN HIERDIE UITGAWE...

● Ds. Beyers Naudé, Direkteur van die  
Christelike Instituut, beskryf hoe die  
Algemene Verkiesing die Afrikaanse  
kerke affekteer, en andersom.

● In 'n vlymskerpe antwoord op dr.  
Nik Lee verwerp dr. Ben Engelbrecht  
die valse vorm en interpretasie van  
die gereformeerde wat aangetref  
word onder apartheidspologete.

● Dr. Bruckner de Villiers, 'n oogge-  
tuig en deelnemer aan die debat,  
gee 'n hou-vir-hou relaas van die  
gebeure tydens die onlangse sinode  
van die Gereformeerde Kerke in  
Nederland te Lunteren.

● 'n Binnestaandersrapport oor die  
probleme waarmee die Onafhank-  
like Bantoekeke te kampe het, word  
verskaf deur ds. Danie van Zyl, amp-  
telike raadgewer van AICA.

● Mark Collier gaan in op die begrip  
van ontwikkeling wat tans soveel  
aandag geniet in kerklike kringe.

Alle politieke kommentaar in hierdie  
uitgawe deur C. F. B. Naudé en W. B.  
de Villiers, van Dunwell 301, Jorissen-  
straat 35, Braamfontein, en B. Engel-  
brecht, van Greenweg 26, Greenside,  
Johannesburg.

## IN THIS ISSUE...

● The Rev. Beyers Naudé, Director of  
the Christian Institute, delineates  
the effect of the General Election  
upon the Afrikaans churches and  
vice-versa.

● In a razor-edged reply to Dr. Nik  
Lee, Dr. Ben Engelbrecht rejects the  
spurious form and interpretation of  
Reformed dogma encountered  
among apartheid apologists.

● Dr. Bruckner de Villiers, an eye-  
witness and a participant in the  
debate, gives a blow by blow ac-  
count of what happened during the  
recent synod at Lunteren of the  
Gereformeerde Kerke in the Neth-  
erlands.

● An insider's report on the problems  
encountered by the African Inde-  
pendent Churches is provided by the  
Rev. Danie van Zyl, official adviser  
to AICA.

● Mark Collier deals with the con-  
cept of development which is at  
present eliciting so much attention  
in church circles.

All political comment in this issue by  
C. F. B. Naudé and W. B. de Villiers,  
of 301, Dunwell, 35 Jorissen Street,  
Braamfontein, and B. Engelbrecht, of  
26 Greenway, Greenside, Johannesburg.

## Inleidingsartikel:

*'n Kruis vir Christus*

Op 22 April gaan die nog stemgeregtigde, blanke burgers van ons land na die stembus om namens hulleself en hul kinders — en namens die miljoene nie-blanke, stemlose, medeburgers van ons land, en hulle kinders — 'n kruis te maak op 'n stembrief wat sal bepaal wie ons sentrale landsregering sal vorm en, uiteindelik, hoé hulle sal regeer.

Dié keuses het 'n keuse tussen vyf politieke partye en hul beginsels en tussen 406 kandidate in 155 bestrede parlementêre setels. Hulle is reeds en word toenemend oorval deur 'n magdom politieke beleidsverklarings en verkiesingsmanifeste in 'n poging om hul keuse te beïnvloed en hul stem te verower. Onder hierdie verkiesingsmanifeste is daar ook een wat géén party steun of verteenwoordiging nie, maar wat eenvoudig bekend staan as die **Christelike** Verkiesingsmanifest: die sg. „Twaalf Stellinge vir Oorweging deur alle Stemregtige Christene in die Republiek van Suid-Afrika”.

Hierdie manifest is uitgevaardig deur sewentig feilbare dog bekommerde volgelinge van Jesus van Nasaret, die Gekruisigde, en Sy lewensleer: 'n leer waarvolgens ons ons naaste (hoe primitief, onontwikkeld, onderontwikkeld, veragtelik ook al) moet liefhê soos onself; ons aan andere (hoe verskillend ook al van onself) moet doen soos ons aan onself gedaan wil hê; ons aan die nietigste van Sy beskermlinge moet doen dit wat ons graag aan Christus self sou wou doen.

Dit is Sy leer, Sy eis, Sy oproep tot al Sy volgelinge, ook tydens die aanstaande verkiesing.

Volgens die mees onlangse (1968) statistiek is daar 3,639,000 Blankes in ons land van wie die oor-grote meerderheid, nl. 2,468,944, „Christene”, d.w.s. belydende volgelinge van die grootste Volksleier van alle tye is, die Stigter van die Koninkryk van Christus op aarde.

Van dié 2½ miljoen volgelinge, of namens hulle, eis Hy, ook tydens die aanstaande verkiesing, trou, loyaliteit en gehoorsame navolgenskap. Ook tydens hierdie verkiesing sal Sy volgelinge — na deeglike ondersoek van hul eie Christelike verantwoordelikheid — blootgestel word aan 'n goddelike toets en sal van hulle geverg word 'n duidelike keuse vir Christus of téén Hom.

Twee-duisend jaar gelede is daar ook so 'n toets aan mense gestel. Toe het hulle vir Christus 'n kruis opgerig en Hom gekruisig. Maar toe, met 'n paar uitsonderinge, was hulle nie Sy volgelinge nie en het hulle nie in Hom geglo nie. Vandag is dit anders (of is dit?). Hier in Suid-Afrika alleen is daar 2½ miljoen mense wat amptelik en openlik verklaar dat hulle in Hom glo.

En tog stel Hy sy volgelinge weer eens, en ewe dringend, op die proef en stel Hy hulle weer eens voor 'n keuse: vir Hom of téén Hom; Christus gekroon of gekruisig; 'n kruis vir Christus op die stembrief of weer eens 'n Kruis vir Hom opgerig op Golgota.

## Editorial:

*A Cross for Christ*

On April 22 the still enfranchised white citizens of our country are going to the polls to make a cross on a ballot paper, on behalf of themselves and their children — and on behalf of the millions of the non-whites, voteless, fellow-citizens of our country and **their** children — to determine who shall constitute the central government of our country and, ultimately, how it shall be governed.

The voters have a choice between five political parties and their policies and between 406 candidates in 155 contested parliamentary constituencies. They have been and are increasingly being swamped by a plenitude of political statements of policy and election manifestos in an attempt to influence their choice and capture their votes. Among these election manifestos there is also one which supports or represents no party, but which is simply known as the **Christian** Election Manifesto; the so-called "Twelve Statements for the Consideration of all Christian Voters in the Republic of South Africa."

This manifesto was issued by seventy fallible though concerned followers of Jesus of Nazareth, the Crucified, and His doctrine of life, a doctrine according to which we must love our neighbour (however primitive, underdeveloped, despicable) as we love ourselves, we must do unto others (however different from ourselves) what we would have done unto ourselves, we must do to the lowliest of His protégées what we would gladly do unto Christ Himself.

This is His doctrine, His injunction, His call to all His followers, also during the coming election.

According to the most recent (1968) figures, there are 3,639,000 Whites in our country of whom the vast majority, viz. 2,468,944, are "Christians", i.e. confessing followers of the all-time greatest Leader of His people, the Founder of the Kingdom of Christ on earth.

During the coming election He demands of these 2½ million followers, or on behalf of them, faithfulness, loyalty and obedience towards Himself. During this election, too, His followers will — after a thorough examination of their own Christian responsibility — be subjected to a divine test and a clear choice **for** Christ or **against** Him will be demanded of them.

Two thousand years ago such a test was also posed to men. Then they erected a cross for Christ and crucified Him. But then, with a few exceptions, they were not His followers and did not believe in Him. Today things have changed (or have they?). Here in South Africa alone there are 2½ million people who officially and openly profess to be His followers.

And yet, once again and just as urgently, He puts His followers to the test and once again asks them to choose: for Him or against Him; Christ crowned or crucified; a cross for Christ on the ballot paper or, once again, a Cross erected for Him on Golgotha.



# Die Afrikaanse Kerke en die Komende Verkiesing

— BEYERS NAUDÉ

As van tyd tot tyd die bewering gemaak word dat die Afrikaanse Kerke nie deel het aan die politiek en daar nie aan meedoën nie, kan 'n mens net glimlag. Want ek glo nie dat daar êrens in die wêreld 'n „Christen“-gemeenskap is waar kerk, kultuur en politiek so aaneengestrengeel en met mekaar vermeng is as by ons Afrikaners nie.

Dink maar net aan die preke en toesprake op ons Geloftedagvieringe waar dit uiters moeilik (indien nie onmoontlik) is om te onderskei tussen die spreke van die Woord van God en die woord van die volk. Dink maar net aan die etlike honderde predikante en sendelinge van die drie Afrikaanse Kerke wat lede is van die Afrikaner Broederbond wie se omsendbriewe 'n keurige mengsel bied van kerklike, kulturele, politieke, sosiale en ekonomiese opdragte om die belange van die Afrikaner bo dié van ander volksgroepe te bevorder. (As die Broederbond die vrymoedigheid besit om te openbaar hoe groot dié getal is, sal dit stellig my bewering bevestig en versterk).

## BO POLITIEK

As dus 'n Afrikaanse Kerk soos die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika 'n verklaring uitreik dat die Kerk bo en buite die partypolitiek staan (soos 'n paar dae gelede gebeur het), dan moet 'n mens jouself dadelik afvra wat daartoe die aanleiding gegee het en wat daaragter sit. In hierdie geval was die aanleiding 'n twaalf bladsye-lange loflied in *Ster Aktueel*, die politieke bylaag van *Ster*, op die N.H. Kerk, waarin op 'n baie subtiel manier die standpunte en optrede van die N.H. Kerk aan die politieke siening van die H.N. Party gekoppel word.

Ek kan nie verstaan waarom die N.H. Kerk so angstig was om indirek die assosiasie van die Kerk en talle van sy predikante met die H.N. Party te ontken of te probeer verberg nie, tensy dit is dat dié Kerk bang is dat 'n oorwinning vir die Nasionale Party op 22 April sy posisie by die volk kan bemocilik of benadeel. 'n Mens wonder of die verklaring sou verskyn het as die H.N. Party verseker was van 'n mooi oorwinning.

Maar afgesien hiervan bring die geskiedenis ons tog oorfloedige bewyse van die noue verbintenis van die Afrikaanse Kerke en die Afrikanervolk. Seker in geen ander gods-

dienstige gemeenskap ter wêreld (behalwe miskien by die Joodse volk) was die hand tussen Kerk en volk so nou as by die Afrikaner nie. En tot op sekere hoogte was dit aan te prys omdat dit die bewys gelewer het van die vereenselwiging van die geestelike leiers met die nood en worsteling van die volk aan wie hulle die Evangelie bedien het.

Die probleem is egter dat dié verbintenis so 'n noue geword het en die vereenselwiging met die politieke en kulturele aspirasies van die Afrikanervolk so volkome dat dit vandag byna onmoontlik geword het om tussen die „christelik“ en „nasionaal“ van „Christelik-nasionaal“ te onderskei. Dit het voorwaar 'n geval geword (waar dit die politiek raak) van *vox populi vox Dei*. Geen wonder dat dr. J. S. Gericks by die onlangse sameprekinge van sommige Afrikaanse Kerke te Lunteren, Holland dit nodig geag het om tydens sy toespraak sydelings te vermeld dat die afgevaardigdes van die Afrikaanse Kerke nie as politici, maar as Kerkmanne aan die besprekinge kom deelneem nie.

## VERWIKKELINGE

Onder normale omstandighede sou dié houding teenoor die politiek die oorgrote meerderheid van die lidmate van ons Afrikaanse Kerke nie gehinder of in die war gebring het nie as dit nie vir die volgende verwickelinge was nie:

Eerstens is daar die duidelike aksentverskille en anderse benadering en beoordeling van die huidige landspolitiek deur leiers van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in teenstelling met die ander twee Afrikaanse Kerke van Gereformeerde belydenis. In groter gehoorsaamheid aan Gods Woord tree daar stadig maar seker 'n ander uitkyk en norm van beoordeling na vore by die *Woord en Daad*-groep van Potchefstroom wat 'n ernstige uitdaging begin word vir die tradisionele opvattinge oor kerklike eenheid en pluriformiteit, oor die kwessie van gemengde huwelik, oor

die Bybelse konsep van geregtigheid en naasteliefde — en so meer. Die feit dat die onlangse Sinode van die Gereformeerde Kerk (Suid-Afrika) 'n besluit oor die Skrif se standpunt t.o.v. gemengde huwelike geneem het wat vir die oorgrote meerderheid van goeie Afrikaner-Nasionaliste 'n doring in die vlees moet wees, laat 'n mens besef dat hier stadig maar seker 'n situasie aan die ontwikkel is wat polities gesproke ernstige probleme gaan skep vir die tradisionele eenheidsbenadering van die Afrikaner.

Tweedens is daar die voltrokke splitsing in die politieke geledere van die Nasionale Party wat die Afrikanergemeenskap van bo tot onder verdeel het en 'n golf van bitterheid oor ons laat heenspoel het wat alleen moontlik is in die felheid van twis waar broer teen broer, Broeder teen Broeder, vriend teen vriend en huis teen huis te staan gekom het. Ek wonder of daar 'n enkele Afrikaanse gesin is waar hierdie splitsing nie ervaar of gevoel word nie.

En om die saak te vererger kom nou die anonieme skrywer van *Ster Aktueel* en speel hy die N.H. Kerk af teen die N.G. Kerk in 'n duidelike poging om die N.H. Kerk aan die Hertzog-volgelingen se politieke wa te koppel en die N.G. Kerk te dwing om te sê waar hy staan. Tot dusver het die N.G. Kerk nog nie amptelik gereageer nie hoewel twee predikante van die N.G. Kerk presies teenoorgestelde standpunte ingeneem het oor die vraag of 'n mens voor die verkiesing 'n politieke vergadering met gebed behoort te open. Ds. D. F. Malan van Melville sê: Nee — dit doen ek nie; ds. N. J. van Loggerenberg van Farrarmere sê: Ja — dit doen ek wel. ('n Mens mag in jou nuuskierigheid seker wel vra watter soort gebed ds. van Loggerenberg sal opstuur as hy 'n politieke vergadering van die Verenigde of die Progressiewe Party met gebed moet open).

## EENHEID VERBREEK

Een ding is egter duidelik: nie alleen het die koms en optrede van die Herstigtes die historiese eenheid van die Afrikaner ru verbreek nie, maar

(Vervolg op bladsy 10)



# SAL EK OFFER WAT JY VRA ?

BEN ENGELBRECHT

In *Die Kerkbode* van 11 Maart 1970 het daar 'n brief verskyn van dr. Nik Lee, 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk, waarin die Christelike „verkiessings-manifes” oftewel die „Twaalf stellinge vir oorweging deur alle stemgeregtigde Christene in die Republiek van Suid-Afrika” ontleed word. Hierdie twaalf stellinge het reeds voorheen in *Pro Veritate* verskyn en die lesers is waarskynlik vertrou daarmee.

My eerste reaksie op dr. Lee se brief in *Die Kerkbode* was een van verslaenheid. Ek staan trouens nou nog verslae daaroor. Dit gaan my verstand te bowe dat iemand dit wat dr. Lee in hierdie twaalf stellinge ingelees het, daar kon inlees. Dit is so vergesog en so bevooroordeelde dat dit vir die opstellers van die Christelike manifes net nie meer moontlik is om daarop te antwoord nie. Dis it soos wanneer iemand duidelik en uitdruklik „A” sê, en hom tot sy verbystering toegewerp kry: „Hoor daar, hy sê „B””.

Ek het dan ook geen voorneme of begeerte om dr. Lee te probeer antwoord nie. 'n Diskussie oor die politiek wat tans in Suid-Afrika gevoer word, en wat uitgaan van die grondwaarhede van die Christelike geloof, het m.i. sinloos geword. Dr. Lee se brief aan *Die Kerkbode* is vir my 'n sprekende simptome van hierdie sinloosheid. Die verabsoluttering van die apartheidsideologie as die eksklusief Christelike, moes daarop uitloop. Tensy die Skrif en sy uitsprake so geïnterpreteer word dat dit aan apartheid ondergeskik is en daaraan diensbaar gestel kan word, val dit geheel en al daarbuite. Dr. Lee spreek slegs die bekende taal wat enigeen van die kerklike of teologiese toonaangewers van die Ned. Geref. Kerk ook kan spreek. Dit sou 'n aanvaarde stuk van die Algemene Sinode kon word.

Dit sou futiel wees om hieroor 'n redenasie te probeer voer. Hoe sielsvermoeiend dit is, kan miskien uit die volgende voorbeelde vir my lesers duidelik word. Ek noem eers die stelling soos dit in die Manifes staan, en dan enkele grepe uit dr. Lee se vertolking en kommentaar.

## STELLINGE

**Stelling 2:** Die politiek hou hom besig met die inrigting van die samelewing en affekteer daarom die lewens van mense, geskape na die beeld van God, ten diepste.

**Vertolking:** Deur te beweer dat die gevalle mens vandag steeds die beeld van God is, word die totale verdorwenheid van die mens hier implisiet geloën.

**Stelling 3:** Dit is die Christen se plig om deur sy stem by te dra tot die instelling van 'n landsregering wat wet en orde sal handhaaf en die

belange en welvaart van die hele samelewing waaroor hy aangestel is, sal bevorder ooreenkomstig die Bybelse geboeie van waarheid, geregtigheid en liefde.

**Vertolking:** In stelling drie en vier van die Manifes word die taak van die staat feitlik primêr omskrywe as die bevordering van „die belange en welvaart van die hele samelewing” en die „algemene welsyn”. Hierdie suiwer-utilitariese dwaling is lynreg in stryd met die Heilige Skrif, wat leer dat die primêre kwalifiserende taak van die staat *die handhawing van wet en orde is*.

**Stelling 5:** In sy skeppingsdaad en in sy verlossingsdaad openbaar God dat Hy besorg is sowel oor die menslike gemeenskap as oor die lewe en lotgevalle van elke enkeling. Hieraan is die intrinsieke waarde wat die Christen aan die gemeenskap en aan die waardigheid van elke individu heg, te danke.

**Vertolking:** Hierdie voorstelling veronderstel dat Christus *elke* enkeling verlos of wil verlos — 'n wydverspreide, dog nietemin erg-ketterse, dwaling in stryd met sowel die Dordtse Leerreëls as met die Skrif self.

**Stelling 8:** In gehoorsaamheid aan God kan geen Christen 'n politieke beleid ondersteun wat gebaseer is op 'n konsekwent gedwonge skeiding van die burgers van dieselfde land en 'n onregverdige diskriminasie tussen hulle in die arbitrêre erkenning van regte op grond van kleur, ras, godsdiens of geslag alleen nie. Die mens se sondige skeidings- en verdelingsdrang druis lynreg in teen die versoeningsboodskap van die Bybel.

**Kommentaar:** Gods Woord eis juis „diskriminasie” op grond van ras, geslag en veral godsdiens.

Gods Woord leer 'n gedwonge skeiding van rasse en nasies en godsdienste sonder hulle toestemming. Nie God se toestemming nie, maar die humanistiese toestemming van die mens en sy sogenaamd „vrye wil” is hier vir die Manifes deurslaggewend.

Gods Woord leer dat God die gelowiges van die wêreldlinge skei, en die skape van die bokke, maar die Manifes oordeel dat hierdie Bybelse „diskriminasie en skeiding” 'n „sondige drang” is — net omdat dit lynreg indruis teen sy eie boodskap van die algemene versoening.

**Stelling 9:** In gehoorsaamheid aan God kan geen Christen 'n politieke beleid ondersteun wat klaarblyklik prakties onuitvoerbaar is en wat daarom op 'n valse aanspraak, d.w.s. 'n verkragting van die waarheid, berus nie.

**Kommentaar:** Hiermee word bedoel die moeilik-toepasbare beleid van gebiedskeiding tussen wit en swart. Alleen die toekoms sal leer of dit prakties uitvoerbaar is of nie — maar intussen is die Manifes se Negende Stelling besig om die Negende Gebod te oortree, want die Manifes mag nie valse getuieis teen sy naaste spreek nie — ook nie wanneer die naaste 'n politieke party of partye is wat aparte ontwikkeling voorstaan nie!

**Stelling 10:** In gehoorsaamheid aan God kan geen Christen 'n politieke beleid ondersteun wat vir sy toepassing in die praktyk onvermydelik openlike of bedekte onreg teenoor teenoor enige individu of bevolkingsgroep veroorsaak nie. 'n Beleid wat klaarblyklik die menswaardigheid van enige landsburger aantast, krenk of skaad, moet vir die Christen in sy geheel verwerplik wees.

**Kommentaar:** Ons sou graag hier wil verneem of die Manifes se opstellers meen dat die „menswaardigheid van enige landsburgers” aangetas word wanneer 'n moordenaar ter dood veroordeel word, wanneer 'n opstandige groep studente vasgevat word, wanneer Kommuniste verbied word om onderwysers en advokate te word of wanneer die Here Sêlf tallose sondaars in die ewige verderf werp?

**Stelling 11:** In gehoorsaamheid aan God kan geen Christen 'n politieke beleid ondersteun wat in sy



wese op groepsselfsug berus en die eensydige bevordering van seksionele belange beoog nie. So 'n beleid moet onvermydelik gepaard gaan met die beoefening van gevoelloosheid en liefdeloosheid en moet gevolglik indruis teen die liefdeswet wat Christus aan sy volgefinge gegee het.

*Kommentaar:* Hier blyk dit dat die Manifeste altruïstiese selfverloëning voorstaan, terwyl die Woord van God aan die ander kant die ware selfliefde eis.

*Stelling 12:* Dit is die Christen se dure plig en verantwoordelikheid om die beleid van elke politieke party in Suid-Afrika deeglik te ondersoek en hom van die praktiese implikasies daarvan te vergewis. Hierin moet hy alle politieke uitsprake en beleidsrigtings toets aan die waarheid van God. Die stemgeregtigde Christen moet daarteen waak dat hy hom nie laat meevoer tot 'n terugval op beslissinge wat op persoonlike of groepsselfsug berus nie. Sy verantwoordelikheid word des te groter in 'n politieke samelewing waar, prakties gesproke, die lede van die sentrale parlement deur 'n klein minderheid burgers verkies word.

Die Christen se deelname aan die politiek moet, op stuk van sake, bepaal word deur sy onontkombare verantwoordelikheid teenoor God en sy naaste.

*Kommentaar:* Met ander woorde, die Christen mag nie terugval tot 'n konserwatiewe politieke party nie, maar hy mag alleen vooruitgryp na 'n progressiewe party — 'n party waar nóg God nóg Christus nóg die Bybel in sy beleidsverklaring mag meesprek.

## GEREFORMEERD

Ek moet my lesers om verskoning vra vir hierdie uitvoerige teenoormekaarstelling van die stellings van die Christelike Manifeste en dr. Lee se kommentaar daarop. Dit is inderdaad 'n geestelike marteling en in die grond van die saak 'n tydverkwisting. Op so 'n afgrondelike dieptevlak is geen sinvolle gedagtewisseling meer moontlik nie. Ek sien dus daarvan af om dr. Lee te probeer antwoord en volstaan met die opmerking dat ek, as mede-opsteller en mede-ondertekenaar van hierdie Manifeste, elke woord daarvan onderskryf, en wel omdat dit in ooreenstemming is met wat ek as gereformeerde Christen glo. En ek wil arrogant genoeg wees om die ganse leërskaars van gerefor-

meedes van dr. Lee se soort uit te daag om my, as lidmaat van die Ned. Geref. Kerk, nie by wyse van skeldbrief in Die Kerkbode nie, maar op 'n billike wyse onder verhoor te neem en vanweë my hartgrondige verwerping van die soort gereformeerderheid en my onderskrywing van elke woord van die Christelike Manifeste, aan die hand van die Skrif en die „ongereformeerderheid” te probeer gereformeerde belydenisskrifte aan skuldig vind. Ek wil selfs so ver gaan om te sê dat, as dit wat dr. Lee hier as „gereformeerde” verkondig, inderdaad deur die Ned. Geref. Kerk as gereformeerde beskou word, ons die Here ernstig moet bid om ons van hierdie „gereformeerderheid” te verlos en tot Christus en sy evangelie te keer. D.w.s. as dit as „gereformeerde” beskou word dat daar uit die Skrif afgelees moet word dat God nie besorg is óók oor die enkeling in die gemeenskap nie; dat Jesus slegs 'n versoening is vir „ons” sondes en nie vir dié van die hele wêreld nie; dat dit 'n kettery is om die evangelie so te verkondig of dat dit onmoontlik is om die evangelie so te verkondig sonder om te verval in die kettery van die „algemene versoening”; dat Gods Woord diskriminasie op grond van ras eis; dat uit Gen. 11:1-9 die bybelse gebod afgelees kan word vir 'n „konsekwente gedwonge skeiding van die burgers van dieselfde land en 'n onregverdig diskriminasie tussen hulle . . .”; dat dit 'n oortreding van die negende gebod is om, nadat die Nasionale Party 22 jaar lank aan bewind was, kategoriees te verklaar dat sy beleid van „regverdige” rasseapartheid prakties onuitvoerbaar is; dat die Skrif nie altruïstiese selfverloëning leer nie, maar „die ware selfliefde eis; ens., ens.

**Dr. Lee se Kerkbode-brief werp ek hiermee dus wat my betref, in die snippermandjie van ongereformeerde rommel. Wat my egter bybly is die onaangename herinnering dat dit so 'n tipiese voorbeeld is van die manier waarop enige vorm van outentiek Christelike getuïenis in politieke aangeleenthede in ons land tans — en vir baie jare al — mishandel word.**

Die Christelike getuïenis moet die beleid van apartheid, soos in ons land geleer en toegepas, veroordeel. Die keuse lê tussen die blanke nasionalistiese ideologie en die evangelie van Christus. Niks kan 'n mens so grondig daarvan oortuig as wanneer jy dit self 'n keer waag om vanuit die Christelike geloof waaruit jy lewe, kritiek uit te spreek teen die

politiek van die dag nie. Dan word dit vir jou ontwyfelbaar duidelik dat jy hier met twee here te doen het (h en H) wat absoluut uitsluitend teenoor mekaar staan. Daar is geen ooreenstemming tussen die Jesus van wie die Skrifte ons leer en die apartheidsgod en heiland nie. 'n Volstrek anti-evangeliese interpretasie van die Christelike evangelie, gesanksioneer deur 'n Christelike kerk, is vir die apartheidsideologie nodig om sy laaste band met die Christelike te behou, nl. die kwalifikasie „Christelik”.

In die naam van Suid-Afrika vra 'n onderskrywing van die apartheidsideologie van my as Christen om die grondwaarhede van my Christelike geloof pryse te gee. Liefde vir Suid-Afrika sou dan alleen betoon kon word in onvoorwaardelike steun vir die apartheidsideologie. Dit beteken dat ek moet leer om die Skrif so te interpreteer dat apartheid alleen as die goeie wil van God daarnit afgelees kan word en dat alles wat teen apartheid ingaan, „humanisties”, „liberalisties”, „ketter”, „ongereformeerde”, afkeer van Gods Woord is.

## BOSE IDEOLOGIE

Ek sou nooit ontdek het soe boos hierdie ideologie in sy wese is as hierdie offer nie van my gevra word in die naam van Suid-Afrika nie. Daarom is daar in 'n politieke verkiesing vir my so oneindig veel op die spel. My stem vir die Nasionale Party sou vir my neerkom op 'n verloëning van Christus, nee, meer nog: 'n Stem teen Christus. As ek daarom nog enige gevoel van vaderlandsliefde oorgehou het, durf ek my vaderland nie aan 'n vreemde heer help uitverkoop deur vir 'n party te stem wat die ideologie van apartheid as heilsvision aan die volk voorhou nie — en destoe minder waar anti-evangeliese elemente ten dienste van hierdie ideologie met 'n beroep op God as heilswaarhede verabsoluteer word.

Enkele reaksies op die Christelike Manifeste, waarvan dié van dr. Lee die tiperendste uitdrukking is van wat in die huidige politieke en geestelike klimaat in ons land as eg-Christelik beskou word, het my in hierdie oortuiging weer eens gesterk. Apartheid, veral ook soos vanuit kerklike kringe gesanksioneer, vra pertinent van my om te glo dat 'n konsekwente gedwonge skeiding van burgers van dieselfde land en 'n onregverdig diskri-

(Vervolg op bl. 11)



# MOEDSWILLIGE MISVERSTAND

BRUCKNER DE VILLIERS

## Nabetragting oor nog 'n Lunteren-Sinode

Met herinneringe aan die veelbewoë 1968-samekoms van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode nog vars in afgevaardigdes se geheue, het daar so pas weer 'n belangrike kerkevergadering in die indrukwekkende vergadersentrum, De Blye Wereld, in die bosryke buitewyke van die rustige Nederlandse dorpje Lunteren, plaasgevind: die onlangse byeenkoms van die Generale Synode van die Gereformeerde Kerke in Nederland. Weer eens het 'n voelbare spanning opgelaa, veral tydens die bespreking van die omstrede rassekwessie. En weer eens is die uitslag van die besprekinge op bykans onverklaarbare wyse omhul in 'n waas van misverstand. Nederlandse en Suid-Afrikaanse vertolkings van wat daar tydens die onlangse Sinode-samekoms gebeur het en wat daar bereik is, verskil, soos in 1968 na die G.E.S., hemelsbreed van mekaar. En al gevolgtrekking waartoe 'n mens kan geraak, is dat, by alle broederlike welwillendheid en begrip vir mekaar se standpunte wat daar tussen Hollanders en Suid-Afrikaners bestaan het, hulle skynbaar weer eens by mekaar verbygepraat het en mekaar skromelik misverstaan het. Waar dit nou reeds by herhaling gebeur het, is die vermoede onontkombaar dat hierdie wedersydse misverstand nie slegs deur die merkwaardige omstandighede veroorsaak is nie, dog op meer as net 'n tikkie moeswilligheid — nie op 'n onvermoë nie, maar op 'n doelbewuste onwil om te verstaan — berus.

Die omstandighede was natuurlik, op hulself genome, dramaties genoeg.

Amptelik was dit 'n vergadering van die Generale Synode van die Nederlandse Gereformeerde Kerke — wat die Christelike Instituut van Suider-Afrika finansiële ondersteun en wie se amptelike deputate na die G.E.S. van 1968 hulle eenparig geskaar het agter die destydse sg. „Minderheidsrapport” van prof. J. Verkuyl e.a. (waarkragtens die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid, by name, as onbybels en onchristelik veroordeel is).

As amptelik uitgenodigde gaste uit Suid-Afrika was daar teenwoordig dr. J. S. Gericke, dr. J. D. Vorster en prof. F. J. M. Potgieter namens die invloedryke (blanke) Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (wat die Christelike Instituut in 1966 formeel verwerp het as „dwaalrigting”.) prof. W. J. Snijman namens die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en ds. S. J. S. Ntoane, moderator van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Bantoe).

Opvallend vir meer as een was die volslae afwesigheid van selfs 'n enkele verteenwoordiger van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika (Kleurling) in wie se geleedere die apartheidsbeleid met sy gewraakte Groepsgebiedewet en Werkreserteringswet juis op die oomblik besig is om die ernstige onttras te veroorsaak. Was dit omdat geen afgevaardigde van die N.G. Sendingkerk werklik meer vertrou-

kon word om, in dié forum en voor sulke kritiese oë en ore, nog die „blye boodskap” van „eiesoortige ontwikkeling” te verkondig en te verdedig nie?

Want dáárom het die hele samekoms natuurlik gegaan: om 'n ondubbelzinnige veroordeling van apartheid enersyds en 'n verbete regverdiging en verdediging daarvan andersyds — ten spyte van dr. Gericke se stellige versekering aan die vergadering dat hy en sy medestanders daar teenwoordig was „nie as politici nie, maar as kerkmanne.”

### BELANGSTELLENDENES

Teenwoordig (was) ook 'n groot skaar Nederlandse toeskouers uit alle belangstellingsvelde, 'n goedgeorganiseerde groep Suid-Afrikaanse studente om steun te verleen aan die Suid-Afrikaanse afvaardiging, verteenwoordigers van aktivistiese Nederlandse jeuggroepe soos SyNOOD-kreet, Werkgroep Begeleiding GOS en Kairos, en ook, nie-amptelik, 'n enkele verteenwoordiger van die Christelike Instituut van Suider-Afrika, dienswillig die uwe.

As gas was, byna onopgemerk te midde van al die spanningsvolle wedersydse frontopstellinge, natuurlik ook teenwoordig ds. Jackson Phiri namens die N.G. Kerk in Zambië (Reformod Church in Zambia) wat, tydens 'n spesiale spreekbeurt aan hom toegestaan, 'n vurige oproep om

bestryding van die apartheidsideologie in Suid-Afrika gedoen het en wat met die grootste stelligheid bevoer het dat die Kerk van Christus hom móet inmeng in die rassepolitiek indien hy nog die sout van die aarde en die lig van die wêreld wil bly . . . .

Die vernaamste onderwerp ter bespreking — vandaar dan ook die buitengewone belangstelling deur buitestaanders en die krioelende koerant-, radio- en televisiemanne — was natuurlik, soos by die G.E.S. van 1968, die omstrede rassekwessie. Maar hierdie slag sou die aandag veral op die Suid-Afrikaanse rassesituasie toespits word. Vandaar die teenwoordigheid van die vername Suid-Afrikaanse gaste.

Aanleiding tot die hele debat was 'n uitvoerige verslag opgestel deur die destydse afvaardiging van die Nederlandse Gereformeerde Kerke na die G.E.S. van 1968. Ongelukkig word in dié verslag ook die breuk tussen die N.G. Kerk en die Christelike Instituut feitlik as onderafdeling van die rassekwessie behandel, sodat dit onvermydelik was dat ook die C.I. in die debat ter sprake sou kom. Hierdeur is die aandag gedeeltelik afgelenk van die sentrale probleem en het 'n element van kleinsieligheid ingesluip in die verrigtinge wat afbreuk gedoen het aan die origens hoogstaande peil van die hele bespreking.

### RASSEVRAAGSTUK

Wat die rassekwessie self betref, het die debat egter op heel voorspelbare wyse verloop. Een na die ander, soos 'n sombere prosesie lede van 'n Griekse tragediekoor, het die Nederlandse kerkmanne — Wouters, Mulder, Van den Berg, Van der Woude, Van der Veen, Verkuyl — op die been gekom om, eenparig en sonder uitsondering, hul bekommernis uit te spreek oor die situasie in Suid-Afrika en oor die Afrikaanse-Hollandse kerke se vreemde swye teen aansien van die onregte wat voortvloei uit die heersende Suid-Afrikaanse landsbeleid. Soos onbeispelende trommelslag, het die veroordeling van rasse-diskriminasie een na die ander opgeklink — allea natuur-



lik in 'n gees van opregte broederlikheid; maar tog onmisverstaanbaar duidelik, onomwonde, onverbiddelik.

Daar moes by die broeders uit Suid-Afrika geen twyfel meer gelaat word aangaande die universele afkeer in die Nederlandse Gereformeerde Kerke t.o.v. die Suid-Afrikaanse apartheidbeleid en sy gevolge nie. As daar al ooit sensuur (in sekulêre, nie-kerklike, sin) uitgespreek is, dan het Nederland dié môre sy sensuur oor Suid-Afrika uitgespreek; die kerk in Nederland oor veral die Afrikaans-Hollandse kerke in Suid-Afrika.

Dog ook die reaksie was voorspelbaar: 'n krampagtige en dikwels hartstogtelike verdediging van die Suid-Afrikaanse landsbeleid deur die afgevaardigdes uit Suid-Afrika, bleek en verwese na aanhoor van die felheid en die eenparigheid van die Nederlandse *faccuse*. Van hulle het prof. Snijman van die Geref. Kerk waarskynlik die beste indruk gemaak vanweë die waardigheid waarop hy sy saak gestel het en sy minstens verstaanbare behoudendheid en konserwatisme, wat veral weerklank gevind het by die afgevaardigde ouderlinge by die sinode, wat merendeels bejaarde pensioenarisse was.

Ds. Ntoane het gekom met 'n ietwat ongeloofwaardige versekering aan die sinode dat „sy mense” oor die algemeen heeltemal tevrede is met die apartheidbeleid, en met die ou argument — wat later geblyk het die enigste werklik nog sinvolle argument van die Suid-Afrikaanse afvaardiging te wees — dat die Suid-Afrikaanse rassesituasie veel meer geklompiseerd was as wat uit Nederlandse veralgemenings gekonkludeer kon word, dat daar veral tyd nodig was om die beleid van afsonderlike ontwikkeling tot volle ontplooiing te laat kom en dat die staat en die kerk in Suid-Afrika hierdie tyd gegun moes word deur Nederland en die Nederlandse Gereformeerde Kerke.

### APOLOGIA

Die lankverwagte *apologia* van die eintlike kampvegters vir die apartheidbeleid, tewens vir die amptelike standpunt van die invloedryke N.G. Kerk, was minder oortuigend. Toegee dat hulle, na die volgehoue veroordeling van die kant van die Nederlanders, na alle kante moes keer en op alle fronte moes verdedig, was die beste waartoe hulle in staat was 'n los en onsamehangende reeks teenargumente, wilde beweringe en onverantwoordelike beskuldiging, veral

wat betref die Christelike Instituut.

